


# ***STADBOUERS***

Ds Petrus Grove
Petrus@mdfoundation.co.za

## Opsomming

Christus se verlossing is nie die hoop dat die Here eendag die hemelpoorte vir ons sal oopgooi nie, maar eerder die vaste geloof dat Hy deur sy offer die ewige deure klaar vir ons oopgemaak het sodat elke gelowige nou reeds geestelik kan verhuis om te leef in die welkome teenwoordigheid van die Vader, elke dag vir die res van die ewigheid (Ef 2:4-6).

Elke gelowige is deur Jesus geheilig en geregtig sodat ons in God se teenwoordigheid mag leef as hemelburgers . My nuwe status as hemelburger en my nuwe posisie in God se heiligdom stel my deur die krag van die Gees in staat om te verander. God gee my 'n nuwe hart en 'n nuwe passie om anders te dink en te reageer, Hy kweek in my sy hemelse koninkrykskultuur. Ek is nie meer die mens wat ek was nie, in Jesus word ek 'n nuwe skepping, die ou mens is verby (2 Kor 5:17). Ek kan daarom nou anders optree want ek dink nuut en ek voel nuut, dis my nuwe normaal. My roeping word eenvoudig om hierdie nuwe hemelse kultuur te leef in my daaglikse bestaan. Vanuit God se teenwoordigheid word ek deur die Gees beweeg om die liefde en goedheid van God te bedien in 'n gebroke wêreld (Eseg 36:26-27).

In God se heiligdom begin ek ontdek wie ek werklik is en waarvoor ek vir 'n tyd soos hierdie op aarde geplaas is. Ek is nie per ongeluk hier nie, my hierwees is deur God beplan. Ek raak bewus dat God deur my sy hemelse invloed op alle terreine en omstandighede van die lewe wil uitoefen. Ek hoef nie te gaan soek om hierdie invloed uit te oefen nie want ek is reeds daagliks in kontak met God, ander mense, sosiale uitdagings, die omgewing en finansies. Met God se kultuur in my, deur die krag van die Gees, word iets van my hemelse woonplek sigbaar oral waar ek beweeg.

Elkeen van ons is geroep, elkeen is 'n bouer in sy stad wat tot eer van die Koning op elke plek sy koninkryksbouwerk voortsit. Elkeen van ons kan suksesvol hierdie hemelse kultuur daagliks lewe tot impak van die plekke waar ons kom en gaan. Ons is nie meer slagoffers van moedelose aardse omstandighede nie maar oorwinnaars deur wie God daagliks hoop en verandering bring. Ons hierwees kan en sal 'n verskil maak.

# Stadbouerskultuur

Inleiding ........ 3
1. Ons nuwe posisie verander ons ........ 3
2. Grondbeginsels vir 'n stadbouer: hoe leef ek as 'n stadbouer? ........ 4
3. Wat is die invloed wat ons elkeen as stadbouer het? ........ 8
4. Die vier terreine ........ 9
4.1 Geestelike terrein ........ 9
4.1.1 Natuurlike dissipelskap ........ 9
4.1.2 Beplanning vir toepassing van my geestelike verantwoordelikheid ........ 12
4.1.3 Bestudeer die stadbouers handboek nl. die Bybel en pas dit toe. ........ 15
4.1.4 Beplanning vir lees en toepassing van die Woord van God ........ 18
4.2 Sosiale terrein ........ 18
4.2.1 Die hemelse kultuur is 'n kultuur van eenheid ........ 18
4.2.2 'n Hemelse kultuur van liefde ........ 20
4.2.3 'n Hemelse kultuur van Vergifnis ........ 20
4.2.4 Sosiale barmhartigheid ........ 21
4.2.5 Beplanning vir die bediening van barmhartigheid tot sosiale impak: ........ 23
4.3 Finansiële terrein ........ 25
4.3.1 My werk is deel van my roeping ........ 27
4.3.2 Beplanning vir goeie finansiële rentmeesterskap ........ 28
4.4 Omgewingsterrein ........ 29
4.4.1. Beplanning vir omgewingsrentmeesterskap ........ 31

Inleiding

**Kyk die video greep van Ef 2 "Hemelse Kultuur" - [https://youtu.be/dymQ3T8qph8](https://youtu.be/dymQ3T8qph8)**

## 1. Ons nuwe posisie verander ons

Elke gelowige is deur Jesus geheilig en geregtig gemaak sodat ons in God se teenwoordigheid mag leef as hemelburgers.

My nuwe status as hemelburger en my nuwe posisie in God se heiligdom stel my deur die krag van die Gees in staat om te verander. God gee my 'n nuwe hart en 'n nuwe dryf om anders te dink en te reageer, Hy kweek in my sy hemelse koninkrykkultuur. Ek is nie meer die mens wat ek was nie. In Jesus is ek 'n nuwe skepping, die ou mens is verby (2 Kor 5:17). Ek kan dus nuut dink en optree, dis my nuwe normaal. My daaglikse se lewe word my roeping soos wat ek eenvoudig hierdie nuwe kultuur leef. Vanuit God se teenwoordigheid word ek deur die Gees beweeg om die liefde en goedheid van God te bedien in 'n gebroke wêreld (Eseg 36:26-27).

In God se heiligdom begin ek ontdek wie ek werklik is en waarvoor ek vir 'n tyd soos hierdie op aarde geplaas is. Ek kom ook agter dat ek reeds op die regte plek geplaas is om in hierdie hemelse kultuur te leef. God het ons voor ons geboorte al beplan om in 'n tyd soos hierdie en op 'n plek soos hierdie ontplooi te word. Vanuit hierdie nuwe posisie kry ek nuwe perspektief uit die Woord van God en plaas hy deur die Gees in my die begeerte om sy plan op aarde uit te voer deur my hele lewe. Ek raak nou opgewonde oor my lewe omdat ek die geleenthede sien waar ek elke dag 'n hemelse verskil leef.

Elkeen van ons is geroep, elkeen is 'n "stadbouer" wat tot eer van die Koning op elke plek sy koninkryksbouwerk voortsit. Elkeen van ons kan suksesvol hierdie hemelse kultuur daagliks lewe tot impak van die plekke waar ons kom en gaan. Ek staan nie op met die dag wat soos 'n berg voor my lê nie. Nee, ek staan op met die wete dat God my stuur na hierdie beplande dag om deur my 'n impak te maak.

**Vanuit ons nuwe posisie as hemelburgers openbaar God aan ons sy bouplan vir ons lewens wat ons as stadbouers kan uitvoer. Ons begin verstaan wat die eenvoud is van dit wat ons moet doen.**

Deur Jesus stap ek in geloof deur die strate van God se hemelse stad en sien ek, gelei deur die Woord en Gees, die ontwerp van sy stad en die struktuur van sy koninkryk (Heb 12:22 en Heb 11:10). Vanuit my hemelse posisie begin ek sien wat werklik fout is op aarde en hoe ek 'n rol kan speel in die herstel hiervan. Deur die inspirasie van die Gees word ek ook nou 'n "stadbouer" wat God se koninkryksplan soek en op aarde uitvoer in opdrag van God en as verteenwoordiger van die Koning (Mat 6:33).

As 'n stadbouer, geïnspireer vanuit God se teenwoordigheid, word ek aangestel om God se "stadbouersplan" oral te implementeer waar God my aangestel het. Elke plek en situasie waarin ek myself bevind het nodig dat God se plan deur my daar uitgerol word. Dis nie net 'n *Sondag kerk* plan nie maar 'n *elke dag oral* plan. God gee ons invloed oor sekere sake en ons moet sorg dat ons daardie invloed gebruik tot uitbou van sy koninkryksplan. God het 'n plan vir elke plek waar ek is, vir elke kontak met elke persoon en vir elke situasie waarin ek kom. My deelwees van God se bouspan is al beplan nog voor die aarde geskape is (Ef 1:4-5). God het die tyd en omstandighede bestuur en beplan met ons hierwees in gedagte. Hy het selfs die geleenthede vooruit beplan waar elkeen van ons elke dag 'n impak kan maak (Ef 2:10). Ons moet dit net aangryp en uitvoer. Raak opgewonde oor die rol wat jy elke dag speel - jy dryf nie net in omstandighede rond nie. Raak intensioneel bewus van

jou invloed op elke persoon en saak wat jy daagliks mee paaie kruis.

Elkeen van ons kan dus ‘n verskil maak en effektief meewerk aan die uitbreiding van die koninkryk van God omdat elkeen van ons vanuit God se teenwoordigheid leef en deur God op verskillende plekke ontplooi is om vennote in sy koninkryk te wees. Ons hoef nie iets ekstra “geestelik” te doen nie - ons hoef maar net intensioneel besig te wees om op elke plek waar ons reeds is God se koninkryksplan sigbaar te maak. Hierdie intensionele lewe is ook nie moeilik of net vir sekere “opgeleide” persone beskore nie, elkeen kan suksesvol God se koninkryk uitleef. Of jy nou ‘n kind is, tuis is, by die werk of op pensioen is, elkeen word deur Gees geïnspireer. Elkeen van ons kan weer suksesvolle koninkrykstadbouers wees as ons eenvoudig vanuit God se teenwoordigheid begin leef en dink en verstaan hoekom ons hier is.

## 2. Grondbeginsels vir ‘n stadbouer: hoe leef ek as ‘n stadbouer?

(Hierdie is kernwaardes wat ek voortdurend moet toepas in al my beplanning om as stadbouer te bestaan. Ek moet myself daagliks herinner aan die volgende punte).

a. Ek moet sorg dat ek in my Godgegewe hemelse **posisie bly** sodat alles wat ek dink en verstaan uit God se hart kom. Satan se strategie is egter om my te oortuig om vanuit my aardse omstandighede, emosies en denke te reageer. Bly daarom op jou pos staan (Ef 6:10,13,14). Stap een is altyd: maak seker jy dink, leef en reageer vanuit jou nuwe hemelse posisie (Kol 3:1-3). Ons sal almal van tyd tot tyd weer “aards” reageer. Maak seker dat jy jouself in geloof herposisioneer sodat jy kan leer uit foute en weer kan voortgaan om herstel te bring.

   i. Vra jouself dus voortdurend: is hierdie gedagte, emosie en optrede geïnspireer vanuit die hemel of vanuit my menslike ervaring en my aardse omstandighede? Hierdie is die begin en fondasie van ‘n stadbouerslewe.
   ii. Hoe gaan ek sorg deur die dag dat ek in posisie bly of weer in posisie kom as ek dalk toegelaat het dat die wêreld se invloed my oorrompel het? Dit kan help deur herinneringstekens aan te bring (Deut 6:8) wat my herinner om weer in posisie te kom bv. voor ek in die motor klim of voor ek ‘n oproep maak ens.

   *Wat is die herinneringsplekke of -tye wat ek daagliks gaan gebruik om my hemelse posisie in te neem?*
   ----------------------------------------------------------------------------------------------------
   ----------------------------------------------------------------------------------------------------
   ----------------------------------------------------------------------------------------------------
   ----------------------------------------------------------------------------------------------------
   ----------------------------------------------------------------------------------------------------
   ----------------------------------------------------------------------------------------------------
   ----------------------------------------------------------------------------------------------------

*Hoe gaan ek myself help om vinniger bewus te raak dat ek besig is om vanuit my aardse emosies en denke te reageer? Hoe gaan ek myself nou herposisioneer om oor te gaan na my hemelse posisie in Christus?*

---------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------

iii. Evalueer jou optrede gereeld deur die dag om sien of jy vanuit die regte posisie geleef en gereageer het. Dis nie om jouself te veroordeel nie maar om jou te help om meer en meer vanuit die hemel te leef. Dis net in Christus wat ons lewe die regte invloed sal hê.

b. Ek moet verstaan dat ek **voltyds in diens van God** is. Elkeen van ons is geskep en aangestel om God te verteenwoordig as rentmeesters oral waar ons beweeg (Gen 1:26-28). My hele dag, met al die aktiwiteite, is diens aan God. Raak bewus dat elke besluit en elke ontmoeting met elke mens 'n Godbeplande geleentheid is.

*Hoe gaan ek myself help om aangeskakel te bly vir die feit dat elke ontmoeting met elke mens en elke aktiwiteit in my dag 'n Godbeplande geleentheid is wat 'n verskil maak?*

---------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------

c. Elkeen van ons het Godgegewe **invloed oor sekere sake**, ons moet dit waaroor ons invloed het, beplan, bestuur en versorg volgens die wil van God (Gen 1:26-28 en Gen 2: 15). Die invloed wat ek uitoefen as gehoorsame rentmeester is God se manier om sy koninkryk op aarde sigbaar te maak - dis my roeping. Begin dus intensioneel jou reaksies op mense en gebeure beplan sodat die Gees die regte hemelse kultuur en optrede in jou kan inoefen vir elke situasie. Behalwe vir die sake wat ons moet beïnvloed, moet ons ook duidelik bepaal waarvoor ons nie verantwoordelik is nie, maw sake waaroor ons nie invloed het nie. Lys dit, dis sake wat ons biddend oorlaat aan God en glo dat Hy dit sal bestuur omdat Hy die beheer daaroor het. Dis ook 'n aksie om in afhanklikheid sake aan God op te dra.

*I. Sake waaroor ek beheer het in my daaglikse lewe wat ek moet beplan om te beïnvloed:*

---------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------

II. *Wat is die invloed wat ek as stadbouer op hierdie sake moet uitoefen vanuit my hemelse posisie?*

------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------

III. *Sake in my lewe waaroor ek nie beheer het nie en wat slegs deur God beheer word:*

------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------

IV. *Hoe gaan ek hierdie sake in die toekoms hanteer?*

------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------

d. **My hierwees is deur God beplan**, ek is reeds op die regte plek om ‘n verskil te maak. God het reeds vooraf die geleenthede vir elke dag beplan sodat ek dit kan aangryp om ‘n hemelse impak te maak (Ef 2:10). Glo weer dat jy op die regte plek vir nou is en hou op leef in onsekerheid oor die toekoms. Daar is ‘n plan vir jou lewe vir elke dag - raak bewus daarvan.

*Ons is reeds hemelburgers. Hoe gaan ek in geloof ‘n gemoedskuif maak sodat ek weer positief kan belê in die plek waar ek nou is om die geleenthede aan te gryp wat God skep?*

------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

e. **Ek moet verwag dat my bydrae ‘n verskil gaan maak.** Ons is nie slagoffers van omstandighede nie, nee ons is die antwoord op omstandighede deur God se krag (Hand 17:5-6). Elkeen van ons kan ‘n verskil maak (Fil 4:13). Ervaar weer dat God jou gebruik tot oorwinning. Jy kan suksesvol leef. Word wakker vir die geleenthede wat God elke dag op jou pad plaas. Net jy kan daardie impak maak wat vir jou beplan is.

*Wat is die voor-die-hand-liggende geleenthede (mense en sake) wat elke dag op jou pad is om 'n eenvoudige verskil te maak?*

-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

f. Ek besef dat ek **niks uit eie krag** hoef te doen nie. Ons leef uit "hemelse" inspirasie deur die Gees. Die druk om 'n verskil te maak rus nie op ons nie. Jesus sal deur ons doen wat gedoen moet word (Gal 2:20). Ons moet net in posisie bly in ons hemelse plek. **Ons moet dus biddend** alle sake, verhoudings en besluite afhanklik aan God opdra en vertrou dat Hy ons sal lei.

*Soms neem ons beheer oor sake sonder om te dink dat ons afhanklik van God is. Hoe gaan ek 'n biddende stadbouer word wat oor alles bid voor ek dit doen, sodat ek in vertroue op God kan leef en met sy leiding en krag optree?*

-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

g. **Meet die sukses van my dag en lewe anders** nl. my Godgegewe vermoë om hierdie hemelse kultuur te leef. As ons verstaan van wat werklike sukses is nie verander nie, sal ons voortgaan om aardse doelwitte te jaag. Bring die siening van jou lewenssukses in lyn met wat God van jou verwag. Skryf dit neer sodat dit die nuwe waardes in jou lewe word wat jy wil meet.

*Hoe beoordeel die wêreld die sukses van my lewe en hoe lyk 'n suksesvolle dag in my lewe gemeet deur die wêreld? Hoe sien die wêreld 'n suksesvolle mens?*

-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

*Gesien vanuit my hemelse posisie, hoe meet God die sukses van my lewe en al die aktiwiteite in my dag?*

-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

h. **Vier die hemelse impak wat ek maak.** As ek die geleenthede raaksien wat God daagliks vir my skep om impak te maak, sal ek agterkom hoe eenvoudig dit is om 'n verskil te maak. Ek kan dan hierdie hemelse invloed deur my lewe vier.

i. **Alles is tot eer van God.** Dit gaan nie oor my nie. Ek doen dus nie iets om beter oor myself te voel of eer by mense te kry nie. Ek hoef ook nie sensitief te wees as my "hemelse" invloed nie deur mense waardeer word nie. Verwag ook dat jy nie noodwendig bedank sal word vir wat jy doen nie en dat mense dit dalk nie eens sal waardeer nie. Ons kan egter met ons stadbouerskultuur voortleef omdat ons dit vir God doen en nie vir mense nie (Luk. 17: 7-10).

*Wat gaan my reaksie wees wanneer ek 'n hemelse impak maak wat nie waardeer word nie, of deur ander met onreg beantwoord word?*

--------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------

## As ons hierdie bg. punte in gedagte hou is ons gereed om 'n hemelse impak te maak.

### 3. Wat is die invloed wat ons elkeen as stadbouer het?

God het ons geskape en aangestel oor sekere sake volgens Gen. 1 en 2. Hierdie is altyd sake waaroor ons beheer het en invloed op kan uitoefen. Ons word nie aangestel om sake te beïnvloed wat ons nie kan beheer nie. Soms is ons so besig om omstandighede en moontlikhede te probeer bestuur dat dit ons siek laat van bekommernis. Ons moet weer terugkom by ons ware verantwoordelikhede nl. om dit wat God onder ons sorg geplaas het te bestuur tot sy eer. Dit is al wat Hy van ons verwag.

As mense het elkeen van ons altyd Godgegewe invloed op 4 terreine, naamlik op**: 1. Geestelike terrein, 2. Sosiale terrein, 3. Omgewingsterrein en 4. Finansiële terrein.** Ons hoef nie te gaan soek om hierdie invloed uit te oefen nie, ons is daagliks in kontak met God, ander mense, sosiale uitdagings, die omgewing en finansies. Al wat ons moet doen is om intensioneel God se koninkryksinvloed te laat geld in die normale gang van ons dag op hierdie 4 terreine. Om getroue stadbouers in diens van God te wees moet ons onsself dus voortdurend ondersoek of ons ons Godgegewe invloed gebruik tot opbou van sy koninkryk. Ons is almal voltyds in diens van God oral waar ons beweeg. Ons is almal vennote in die bou van die stad van God, die sigbaarmaking van sy koninkryk op aarde.

Bly egter altyd bewus van punt c hierbo, naamlik dat daar ook duidelik sake is waarop ons geen invloed het nie. Dit is sake wat ons voortdurend ook saam met die ander sake opdra in gebed, omdat net God beheer daaroor het.

# 4. Die vier terreine

## 4.1 Geestelike terrein

### 4.1.1 Natuurlike dissipelskap

Vanuit ons nuwe herstelde posisie in die heiligdom van God word ons deur die Gees al meer omvorm na die beeld van God (2 Kor 3:18 en Kol 3:10). Ons word dus deur die krag van God voortdurend verander sodat mense oral waar ons gaan, blootgestel word aan die liefde, waarheid en krag van God. Hierdie is 'n natuurlike uitvloeisel van die versoeningswerk van Jesus Christus. Omdat ons deur Hom nuwe mense gemaak is en toegang verkry het tot die heiligdom van God word ons outomaties mense wat hierdie nuwe lewe oordra aan almal wat ons teëkom.

Hierdie proses is duidelik vanuit 2 Korintiërs 2: 12-17:
Paulus vertel van 'n uitdagende tyd in sy bediening wat hom moedeloos gelaat het (2 Kor 2: 12-13). Daar het spanning tussen hom en die gemeente in Korinte ontstaan agv die invloed van kwaadwillige mense. Paulus se invloed en werk in die gemeente was dus in gedrang. Die onreg en spanning wat hy as gevolg daarvan beleef veroorsaak dat hy nie sy werk in Troas suksesvol kan voortsit nie. God openbaar egter aan Paulus dat hy nie 'n slagoffer van hierdie moeilike omstandighede is nie maar dat hy altyd meegevoer word in die oorwinningstog van Jesus Christus. Hierdie bewuswording verander sy totale perspektief op die omstandighede. In plaas daarvan dat hy as swakke mens self deur hierdie uitdaging moet stoei op aarde, kom hy in geloof agter dat hy in 'n oorwinningsoptog is en dat Jesus die Oorwinnaar hom altyd saam met hom neem. Hy snap dadelik dat hy nie oorgelewer is aan moedelose omstandighede nie maar dat hy vanuit sy nuwe geloofswerklikheid altyd in Christus se oorwinning kan leef.

Vanuit hierdie nuwe gewaarwording laat Paulus hom in oorwinning meevoer en kan hy nou voortgaan om die invloed van Jesus te laat geld te midde van uitdagings. Geïnspireer deur die Gees skets Paulus 'n nuwe prent wat ons help om te verstaan wat met ons gebeur wanneer ons vanuit ons nuwe werklikheid in Christus leef. Hierdie beeld help ons om op eenvoudige manier te begryp wat die normale geestelike invloed van ons lewens is as ons ons laat meevoer deur Jesus se oorwinning en vanuit sy teenwoordigheid leef.

Hierdie natuurlike geestelike invloed sal altyd impak maak op twee terreine nl. 1) mense en 2) situasies.

**Geestelike invloed op mense**
2 Korintiërs 2: 14-15 vertel dat wanneer ons vanuit God se teenwoordigheid leef word ons lewens hier op aarde, deur ander waargeneem as 'n lieflike geur wat oral die waarheid van Jesus soos 'n welriekende aroma versprei. Hierin vind ons 'n eenvoudige verduideliking van basiese dissipelskap en die eenvoud van ons invloed op geestelike gebied. Omdat ons in geloof in God se heiligdom leef deur Jesus, word ons blootgestel aan die heerlike atmosfeer van God se goedheid, liefde, wysheid, vergifnis, vrede, vreugde en hoop. Hoe langer ons in geloof leef in hierdie nuwe hemelse werklikheid hoe meer word ons beïnvloed deur hierdie heerlike omgewing van God se teenwoordigheid. Ons leer al meer van Hom ken deur die Woord en ons asem al meer van sy hemelse atmosfeer in. Die natuurlike gevolg hiervan is dat ons self later soos die "hemel" begin ruik. Oral waar ons dus op aarde beweeg versprei ons hierdie hemelse geur en beleef mense deur ons die goedheid van God. Hierdie is 'n

natuurlike proses van dissipelskap. Ek probeer dus nie iets geestelike doen nie - ek versprei maar net die geur wat God se teenwoordigheid aan my laat kleef. Ek beleef God se liefde vir my en dit dryf my om ander lief te hê. Sy onverdiende vergifnis vir my elke dag help my om ander te vergewe. Die vrede en hoop in sy teenwoordigheid inspireer my om hoop te bring in elke moedelose gesprek en elke uitdagende vergadering, nie omdat ek dit self probeer produseer nie, maar omdat hoop en vrede nou regtig in my leef. Ek "ruik" dus al meer soos die plek waar ek geestelik woon, die nuwe werklikheid waarin ek leef word die basis vanwaar ek dink en reageer.

Die "geur" wat ek versprei sal dus altyd 'n aanduiding wees van waar ek my geestelik bevind. As stadbouer kan ek myself dus voortdurend afvra of ek God se hemelse geur versprei of die wêreld se moedelose doodsreuk. Ek kan na elke ontmoeting met elke mens en elke optrede myself ondersoek of ek 'n lieflike geur by die ander persoon agter gelaat het of nie.

Ons moet weet dat ons in elk geval een of ander "reuk" of belewenis by mense agterlaat of ons nou wil of nie. Sonder dat ek daaroor dink, laat ek 'n geur agter by die karwag, petroljoggie, my werkskollegas, familie, vriende en alle mense wat my pad kruis. As 'n koninkrykstadbouer is my verantwoordelikheid om tyd in God se teenwoordigheid te spandeer sodat sy liefde en waarheid op my kan afsmeer sodat ander dit by my kan ruik. Dis 'n intensionele proses waar ek myself voortdurend in God se teenwoordigheid plaas sodat ek deur sy oë na alle mense en situasies kan kyk sodat ek weet hoe om te reageer. Onthou hierdie is nie 'n projek waarvoor ek nou eers opleiding moet ondergaan nie. Dis eenvoudig God se liefde, wysheid en waarheid wat deur my na vore kom in elke glimlag, elke woord van bemoediging en raad, elke stukkie omgee en aandag, elke raaksien van elke mens op my pad, elke bietjie vrede en hoop wat ek na 'n uitdaging bring, elke keer as ek vergewe met die vergifnis wat ek in God se teenwoordigheid self beleef omdat ek deur God se oë na mense kan kyk. Dis 'n natuurlike proses. Al wat ons doen is om te besef dat ons in elke geval 'n geestelike invloed het en daarom intensioneel vanuit God se teenwoordigheid leef en dink sodat ander sal beleef waar ons inspirasie vandaan kom.

**Geestelike invloed op situasies**

Hierdie lieflike reuk wat ons versprei is die "kennis" van Jesus Christus (2Kor 2:14). Jesus het kennis en wysheid vir elke situasie waarin ek myself bevind. My taak is om Hom te vra wat sy siening en raad is vir elke saak en verhouding. Nou kan ek as stadbouer Jesus se waarheid na elke situasie bring as 'n lieflike geur. Ons het dus deur Christus toegang tot kennis vir elke ontmoeting en situasie - dis vrylik beskikbaar (Jak 1:5). Ek kan daarom hierdie impak maak.

Dis belangrik dat ek intensioneel vanuit die heiligdom van God, Jesus se waarheid soek vir elke situasie. As mense is ons so geneig om op te tree soos ons gewoond is om te doen. Die meeste van die tyd doen ons dit sonder om daaroor te dink. Ek reageer op sekere maniere in my huwelik, in die verkeer en in vergaderings sonder dat ek daaroor dink. Ek voel oor die land en sommige mense op 'n sekere manier sonder dat ek doelbewus daaroor nadink. Ek leef met sekere gebroke, onversoende verhoudings saam omdat ek gewoond geraak het daaraan. As verteenwoordiger van God op aarde moet ek egter al my bedrywighede, ontmoetings, situasies, uitdagings en geleenthede in 'n dag ondersoek en kyk of ek Jesus se waarheid in elke situasie bedien, of my eie gewoontes. Ek moet my blootstelling aan elke mens in my dag bekyk en oorweeg of Jesus se geur deur my na elke mens versprei word of

nie. Hierdie is ‘n doelbewuste breek uit my gewoontegang en ‘n intensionele soeke na Jesus se waarheid vir elke situasie. Dit sal veroorsaak dat Jesus sigbaar word in my hele dag omdat Hy deur my sy hemelse geur versprei deur my normale handel en wandel. Hoe meer ek vanuit my nuwe hemelse posisie leef hoe meer natuurlik gaan dit word. Op hierdie manier word ek deel van die skep van ‘n nuwe hemelse kultuur op aarde - die taak van elke stadsbouer.

Dit mag ook soms gebeur dat daar mense en situasies is wat nie die geur van Jesus wil ontvang nie en dit eerder beleef as ‘n doodsreuk (2 Kor 2: 16). Dit kan gebeur dat mense jou as stadbouer veroordeel vir die liefde, hoop en waarheid wat Jesus deur jou wil bedien. Moet egter nie moed verloor nie, hou aan om die hemelse aroma van God se teenwoordigheid te versprei. Ons kan onreg reg leef vanuit ons hemelse inspirasie.

Dit mag ook gebeur dat ons soms nie lus is om ‘n lieflike geur te versprei nie. Dit kan wees dat ons moedeloos raak vir sekere mense en sekere omstandighede wat ons as onreg beleef. Daar is baie voorbeelde van onreg in ons land wat mense dryf tot wantroue, ongeduld en selfs haat. Die geloofsuitdaging is egter om nie vanuit ons aardse omstandighede te dink en te redeneer nie maar toe te laat dat God ons deur Christus in sy teenwoordigheid inneem. Hier in sy teenwoordigheid sal ons sy onverdiende liefde vir ons in oorvloedige strome beleef. Ons sal ervaar hoe sy vergifnis onverpoos op ons uitgegiet word in Christus, ons sal eerstehands ervaar hoe veilig ons in sy almagtige teenwoordigheid is. Die vrede van sy nabyheid sal rus bring vir elke kwelling en elke stem van onreg laat bedaar.

Vanuit hierdie oorvloed van onverdiende goedheid, liefde en vergifnis sal God ons help om deur sy oë na ander te kyk sodat ons ook aan hulle onverdiende liefde, vergifnis en goedheid kan bedien, selfs in die grootste onreg. Hierdie teenwoordigheid van ons Vader deur Jesus sal ons dan in staat stel om ‘n lieflike geur te versprei oral waar ons kom, omdat ons dit persoonlik van God teenoor ons beleef. Sy teenwoordigheid is die brug oor elke onreg en die pad deur elke stryd. Dit bring lig in die digste donker en vrede in die grootste onreg.

As ons ons deur God se teenwoordigheid laat inspireer sal ons altyd koninkryksoorwinning beleef - selfs in uitdagings. In 2 Kor 2:14 lees ons Jesus voer ons altyd saam in sy oorwinning. Jesus is net na een plek toe op pad en dis na oorwinning. Hy lei ons daarom net na een plek toe en dit is na oorwinning. As ons ons dus laat lei deur die waarheid van Jesus vanuit sy teenwoordigheid sal ons optrede ook altyd oorwinning tot gevolg hê, al leef ons in onreg. Ons is nie slagoffers nie, maar oorwinnaars in Jesus. Ons kan dus verwag dat ons hemelse geur die duisternis sal oopbreek. Wat meer is, omdat ons ‘n hemelse geur versprei sal ons self altyd die hemelse geur ruik wat deur ons versprei word en sal ons die oorwinning van Jesus inasem al is daar baie duisternis in mense en omstandighede om ons. Hierdie natuurlike hemelse geur sal ons geur word en dit sal verandering bring oral waar ons beweeg. Dis nie ‘n projek nie, dis ‘n nuwe lewe. Ons kan dit almal regkry omdat ons almal in Christus vanuit dieselfde hemelse plek geïnspireer word.

### 4.1.2 Beplanning vir toepassing van my geestelike verantwoordelikheid

a) Stap een is altyd: leef en dink ek vanuit my hemelse posisie of vanuit my aardse posisie (vgl 3.1). Hoe gaan ek myself herinner om in posisie in Christus te bly en myself in geloof herposisioneer as ek my soms laat meesleep deur my eie emosies en verstaan?

b) Wie is die mense wat ek daagliks mee in kontak is? Hierdie sluit alle mense in tuis, by die werk en die wat ek teëkom by die winkel en langs die pad. Hoe sien God hierdie mense en watter geur wil Hy dat ek tussen hulle moet versprei?
Beplan met Goddelike inspirasie jou optrede teenoor elkeen.
Mense tuis en vriende: watter geur moet ek daar versprei met my optrede? Wat moet ek verander?

----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Mense by werk: die geur wat jy versprei en optrede teenoor elkeen. Wat moet ek verander?

----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Mense wat ek nie ken nie wat ek langs die pad, by winkel ens. ontmoet. Watter geur moet ek versprei en hoe moet ek dit doen? Wat in my gesindheid en optrede moet verander?

----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Wie is die mense wat ek maklik miskyk in die samelewing, hoe gaan ek hulle raaksien en wat gaan my optrede wees?

----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Wie is die mense waarmee ek ongeduldig is en maklik voor kwaad word, dalk mense van wie ek nie van nature hou nie, wat is nou my beplande optrede om hemelse geur te versprei? Wat moet in my denke verander om dit te doen?

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Skryf hierdie persone in jou dagboek en volg jou reaksie teenoor hulle vir 'n maand. Evalueer jou optrede en vier die geleenthede waar jy daarin kon slaag om 'n lieflike geur te versprei. Leer, sonder veroordeling, uit die geleenthede waarin jy nie die geur van Jesus se teenwoordigheid kon versprei nie en bid dat die Here jou sal begelei om volgende keer 'n hemelse geur te versrei. Jy sal dus nou verstaan wat jy volgende keer anders kan doen. Hoe meer ons in geloof oefen om vanuit die hemel te leef hoe meer natuurlik sal dit word.

c. Wat is die situasies waarmee jy daagliks te doen het tuis, by die werk en in die land? Wat is Christus se waarheid vir elkeen van hierdie situasies wat my instaat stel om Jesus se kennis en wysheid te leef in elke situasie?

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Wat is die uitdagings tuis, by die werk en in die land waarmee ek te doen het? Wat is die waarheid van Jesus oor elkeen van hierdie uitdagings en hoe gaan dit my denke en optrede beïnvloed mbt hierdie situasies?

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Wat is die onreg wat ek beleef op verskillende terreine? Hoe gaan my hemelse perspektief mbt die waarheid in Christus my denke en oprede beïnvloed om hierdie onreg in die oorwinning van Christus aan te pak?

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Wat is die soms negatiewe gesprekke waaraan ek bloodgestel word? Hoe beïnvloed my hemelburger status my denke en toekomstige optrede in hierdie gesprekke sodat die kennis van Jesus bedien sal word?

------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Skryf hierdie omstandighede in jou dagboek en volg dit vir 'n paar maande. Evalueer gereeld jou toepassing van God se wysheid in elke situasie. Vier die geleenthede waar God deur jou na vore gekom het in jou denke en optrede in verskillende situasies. Jou lewe maak 'n verskil, jy kan hierdie hemelse kultuur leef.

d. Het die hemelse geur wat jy oral versprei en die bring van Jesus se kennis in elke situasie al veroorsaak dat mense jou vra hoekom jy so optree, of die geleentheid gebied dat jy kon vertel dat dit God is wat jou inspireer? Hierdie hoef nie 'n uitgebreide verduideliking te wees van die hele Evangelie nie maar bloot 'n kans waar jy kon sê: dis die Here se genade, of Jesus se liefde wat my inspireer. Hierdie kan ook in jou dagboek opgeteken word om te sien hoe God deur jou impak maak. Skryf 'n getuienis neer.

------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

e. Gebed: as stadbouers weet ons dat ons niks uit eie krag kan doen nie. Deurbid ek daarom alle sake sodat ek seker is dat ek God se leiding en insig vra oor my optrede in alle sake en situasies? Hoe gaan ek myself herinner om oor alle sake, situasies en kontak met mense te bid sodat ek in alles 'n hemelse geur kan versprei en die kennis/waarheid van Jesus bekend kan maak in elke situasie?

------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Vier die geleenthede waar die Here deur jou navore gekom het en dank Hom vir die geleentheid tot diens. **Skryf dit in jou dagboek** neer sodat jy kan volg wat die Here doen. Hoe het hierdie intensionele geestelike diens jou denke en lewe verander?

------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

## Jy kry dit reg om 'n nuwe hemelse kultuur te leef as 'n goeie geestelike rentmeester!

### 4.1.3 Bestudeer die stadbouers handboek nl. die Bybel en pas dit toe.

Ons as mense is maar eenmaal geneig om onsself te mislei, ons kan selfs die inspirasie wat ons van God ontvang dikwels mis verstaan of dalk buig na ons wil. As stadsbouers wat verantwoordelikheid vat vir ons impak op geestelike gebied moet ons ons daarom laat lei deur die Gees van God soos geopenbaar in die Woord (Joh 14:26).

Ons kan nie bou aan die "stad" as ons nie die bouplan verstaan nie. Die land waarin ons bly is juis so gebroke agv mense en dikwels christene wat op maniere leef wat nie ooreenstem met die bouplan van God, soos geopenbaar in die Bybel nie. Sonder dié "Rigtingwyser" van God raak ons almal verdwaal en produseer ons lewens meer van onsself ipv meer van God.

Om bloot die Bybel te probeer verstaan is ook nie goed genoeg nie, ons moet dit wat ons verstaan toepas, dan eers word die "stad" gebou tot eer van God. Die waarheid is dat slegs die wat die Woord toepas eintlik sal weet wat die wil van God is (Joh 7:17). Mense wat die Woord slegs lees maar nie toepas nie spekuleer eintlik maar net oor die waarheid, want die waarheid ontdek ons net terwyl ons die waarheid leef gelei deur die Gees.

Wanneer ek God se Woord vanuit Sy teenwoordigheid lees ervaar ek hoe Sy Woord lewendig word en hoedat Hy persoonlik met my praat deur die Gees. Ek beleef ook dat die Woord relevant is vir my daaglikse situasie en beleef hoedat God antwoorde gee vir die vrae wat ek vra. Geïnspireer deur die Gees beleef ek ook hoe die Here sy woorde in my hart voorberei en my lus maak om dit uit te voer. Ek ervaar nou die krag van God soos wat Hy my beweeg om hierdie waarheid te leef.

Bybel lees is dus nie 'n aardse proses vanwaar ek 'n bietjie lig vanuit die hemel in die verte soek nie, nee dis 'n hemelse proses waar ek in God se teenwoordigheid sit en persoonlik beleef hoe Hy my verlig en inspireer vir wat op aarde geleef moet word.

Bybel lees is dus 'n lewendige proses waar ek self in God se hemelse heiligdom is en hoor hoe Hy met my praat en my aanspoor tot aksie. Ek beleef ook duidelik hoe Hy nou geleenthede skep vir die toepassing van Sy wysheid.

**Riglyne vir die bestudering en toepassing van die Woord:**

Om 'n getroue rentmeester te wees van die Woord van God kan ek die volgende riglyne volg (hierdie is ook 'n riglyn vir Bybelstudie in 'n groep):

a. Plaas jouself in geloof in God se teenwoordigheid en bid om die leiding van die Gees, sodat jy sy stem sal hoor en verstaan. Verwag nou dat God met jou gaan praat.
b. Skryf neer wat jy leer aangaande die karakter van God soos geopenbaar in die gedeelte. Dit help ons om die "hart en wese" van God in geloof beter te begryp. Ons het dikwels selfgevormde idees van wie God is vanuit ons eie verstaan. Ons optrede word dan geïnspireer deur ons misvormde beeld van God. Die Bybelse verstaan van wie Hy is help ons om sy wil beter te verstaan sodat ons deur die Gees gelei, sy karakter kan ontwikkel om sy wil op sy manier uit te voer.

c. Skryf neer watter beloftes God aan jou maak in ‘n spesifieke gedeelte. God se beloftes stel ons in staat om God te volg en die bouwerk aan sy stad aan te pak. Sy beloftes help ons om te verstaan dat alles deur sy krag sal plaasvind en nie deur ons menslike pogings nie. Sy beloftes skep hoop en sekerheid sodat ons met ywer kan bou in sy koninkryk, sonder die druk en spanning wat ons soms op onsself laai.
d. Skryf neer watter opdragte God aan ons gee in ‘n bepaalde gedeelte. Ons is geneig om te reageer op ons eie idee van wat moet gebeur. Wanneer ons ons egter deur God laat lei, word ons optrede bepaal deur wat Hy beveel. Ons moet dus duidelik seker maak dat ons in ons reis deur die Bybel al meer verstaan wat Hy ons beveel. Hy weet wat die oplossings is vir die uitdagings van ons tyd, ons moet daarom in al ons oorwegings en besluite sy wil en opdragte soek. Daar is ongelukkig dikwels ‘n groot gaping tussen ‘n Christen en ‘n Christelike lewe. Net God se plan gaan werk. Hy is die ontwerper van die koninkryk en ons moet dus sy plan en opdrag uitvoer. Maak dus seker dat jy God se opdragte vanuit sy Woord neerpen op papier en in jou hart.
e. Skryf neer hoe jy punte b-d gaan toepas in praktyk. Laat God openbaar hoe dit wat jy geleer het van Hom nou in praktyk lewendig moet word. Skryf neer wat God op jou hart druk om uit te voer en ook hoe dit uitgevoer moet word.
f. Evalueer hoe jy die punte kon uitvoer en wat jy beleef en geleer het in die uitvoering daarvan. Dikwels, in die uitvoering van God se Woord, beleef ons spesiale dinge van God. Skryf hierdie dinge neer, dis die kos van ons geloof en die getuienisse wat inspireer. Deur hierdie proses sal ek nooit meer twyfel of God leef of bestaan nie, ek sal Hom beleef in sy krag wat deur die Gees in en deur my werk. Dis belangrik dat ek myself (of groep) verantwoordelik hou om die Woord toe te pas. Sonder hierdie toepassing is al die kennis kragteloos om enige impak te maak. Hier kan ek ook ander mense of ‘n groep gebruik om my te help om verantwoordbaar te wees in die uitlewing van die Woord.

**Voorbeeld van Woordstudie**:
Die opleier doen dit saam met die groep om te verduidelik hoe dit werk. (Onthou om dit neer te skryf sodat jy jouself kan evalueer in die toepassing daarvan). Dis belangrik dat alles wat ons neerskryf direk vanuit die Bybel kom sodat ons nie ons eie afleidings maak nie, dis daarom goed dat mens telkens die vers noem waaruit die voorbeelde kom.

Markus 1:16-20.
1. **Doen gebed** dat die Here deur die Gees jou hart verlig om die Woord te verstaan om dit te kan toepas.
2. **Karakter van God**: a) In vers 16 is dit duidelik dat Jesus na ons as mense kom soek om Hom te volg. Hy is dus ‘n God wat altyd uitreik na ons, al leef ons soms in ons eie rigting. Hy is ‘n God wat in sy liefde soek na mense soos ons, al is ons sondig en dikwels met ons rug na Hom gekeer. b) Uit vers 16 is dit ook duidelik dat Hy nie onderskeid maak tussen mense nie. Hierdie mense was vissers van beroep wat Hy roep om sy dissipels te wees. God gebruik enige iemand - maak nie saak wat ons herkoms, aansien of posisie in die samelewing is nie. Almal kan Hom volg, almal is welkom maak nie saak wat ons gedoen het of nog gaan doen nie. c) In vers 17 roep Hy die vissers om na Hom te kom en saam met Hom te leef. Jesus roep ons dus nie net om nou en dan by Hom te wees nie. Nee, Hy roep ons om saam met Hom te leef. Hy wil dus by ons wees. Hy wil elke oomblik van elke dag in ons teenwoordigheid wees. Dis hoe baie God van elkeen van ons hou! Maak nie saak wat die res van die wêreld van jou dink nie, die Koning van die heelal wil elke dag van nou af tot in ewigheid in jou geselskap wees.

3. **Beloftes van God**: In vers 17 staan daar….. "Ek sal julle vissers van mense maak". Ons hoef nie onsself te verander om stadbouers te wees nie. Die Here sal ons verander en ons maak wat ons moet wees om ander te impakteer. Ons moet net in geloof by Jesus wees, Hy sal ons deur die Gees verander om die rol te speel wat ons moet. In God se heiligdom sal ons elkeen geïnspireer word om met nuwe harte en met nuwe krag te leef. Dis onmoontlik dat sy teenwoordigheid ons nie verander nie. Hy sal die eer kry vir die verandering in ons deur die Gees. As ek sukkel om te verander moet ek slegs by Hom tyd spandeer totdat Hy my gedagtes en hart verander tot 'n nuwe lewe wat ander kan bereik.

4. **Opdragte van God**: Vers 17 gee twee opdragte aan ons:

a) "kom hier": dit beteken dat ons moet beweeg van waar ons is tot waar Jesus is. Daar word dus van ons verwag om te verander. Ons is gereeld nie op die regte plek in ons gedagtes, opinie of optrede nie. Ons moet gereeld skuif van wat ons dink en doen tot waar Jesus in sy waarheid is. Hierdie is moontlik gemaak deur Jesus se versoeningsoffer. Hy het dit moontlik gemaak vir aardse mense om hemelburgers te word. Ons kan dus nou tot by Jesus kom deur geloof in Hom. Ons kan in sy teenwoordigheid leef. Ek kan dus gereeld hierdie opdrag hoor en trek vanaf my aardse lewe, gedagtes en siening tot terug na my hemelse posisie wat Christus vir my verwerf het. Om impak te maak as stadbouer moet ek dus in geloof gereeld skuif - terug na Christus. Van hier af kan ons nou vissers van mense, of bouers van die stad gemaak word.

b) Ons moet Jesus volg: Jesus lei ons na situasies en mense toe. Hy staan nie net stil op een plek nie - Hy beïnvloed alles in almal. Ons moet dus verwag om ook in beweging te bly. Ons kan nie stilsit in die hemel, hande gevou nie. Jesus verwag van ons om vanuit die hemel Hom te volg na oral waar Hy deur ons sy invloed wil te laat geld. Ek moet gereeld in geloof vra: is ek nou waar Jesus is? Waar lei Hy my heen in my optrede en gedagtes?

5. **Toepassing van gedeelte** (karakter van God, beloftes en opdragte):

a) Ek gaan glo dat God van my hou en altyd saam met my wil wees al voel ek nie geliefd nie, of al twyfel ek of ek dit verdien. Ek gaan glo dat Hy my in Jesus kom soek het en my gevind het.

b) Ek vertrou dat God my sal verander om te word wat ek moet wees, om die rol te speel wat ek moet in die bou van die stad. Ek kan myself nie verander deur my dissipline nie, ek gaan in God se teenwoordigheid tyd spandeer sodat sy Gees my sal dryf om te wees wat Hy wil hê ek moet wees. My werk as stadbouer is om vanuit my hemelse posisie te leef. Sy werk is om my te verander. Hy belowe om dit te doen.

c) Ek aanvaar dat ek gereeld verkeerd dink, voel en optree en dat ek gereeld moet skuif na waar Jesus wil hê ek moet wees in my gedagtes, emosies en optrede. Ek is geneig tot verharding in my opinie en doen en late. Ek weet ek moet gereeld my hemelse posisie inneem omdat ek geneig is om van die "aarde" af te dink en leef.

d) Ek gaan Jesus volg waar Hy beweeg en na waar Hy my wil aanwend tot sy eer. Ek gaan bewus raak van wat Jesus in situasies wil bereik sodat Hy dit deur my kan doen. My fokus gaan op Jesus wees om Hom te volg ipv op my doelwitte wat ek gereeld volg. Ek gaan glo dat Hy my gaan lei na situasies en geleenthede wat ek kan beïnvloed tot sy eer.

6. Dis baie belangrik dat **ek prakties dink** hoe ek punt 5 gaan toepas - dit moet nie maar net teoreties wees nie. Elke punt onder punt 5 moet ek oorweeg hoe ek dit gaan uitvoer, ek moet dus ook prakties dink wat die geleenthede gaan wees waarin ek dit gaan toepas. Ek **evalueer en hou ook boek** van dit wat ek geleer en ooreengekom het om te doen. Ek skryf veral ook neer wat ek geleer het van God tydens die uitvoering, of toepassing van dit wat ek in punt 5 behandel het. Ek vier die voorreg om deur Hom gebruik te kon word en die geleenthede waar ek wonderlike dinge ervaar het in sy diens. Ek vier die invloed wat my toepassing van God se Woord kon hê.

7. Laat die groep dit ook oefen met 'n ander Skrifgedeelte.

### 4.1.4 Beplanning vir lees en toepassing van die Woord van God

a. Die Woord is ons daaglikse handleiding; hoe gaan ek sorg dat ek genoeg tyd maak om God se Woord biddend te bestudeer?

---------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------

b. Hoe gaan ek sorg dat ek toepas wat ek in die Woord lees?

---------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------

## 4.2 Sosiale terrein

**Om as stadbouers 'n hemelse verskil te maak op die sosiale terrein moet ons 'n paar basiese beginsels van ons nuwe hemelse kultuur deur die Gees aanleer sodat ons die regte hemelse invloed het.**

### 4.2.1 Die hemelse kultuur is 'n kultuur van eenheid

Een van die eerste eienskappe wat ons van God leer in die Bybel is dat Hy 'n God van eenheid is, ons lees in Genesis 1 reeds van die Gees en die Woord wat saam met God die Vader teenwoordig is by die skeppingsproses (vgl ook Kol 1: 15-16 en Heb 1:2). Ons lees in Gen 1:26 dat God na Homself verwys as "ons" wat saam besluit om die mens te skep. God is dus in wese 'n God van verhoudings, wat in Homself as Drie-Enige God in volmaakte eenheid bestaan. As mense word ons ook in sy aard geskape om in eenheid met Hom en mekaar te leef. Die sondeval breek ongelukkig hierdie eenheid tussen God en mens en mense onderling maar Jesus se offer bring herstel deurdat ons weer volmaak met God versoen word (Kol 1: 21-22). Hierdie herstelde eenheid met God veroorsaak outomaties deur die Gees 'n eenheid tussen alle gelowiges wat ons moet bewaar en bevorder (Ef 4: en 1 Joh 1:3).

As stadbouers verteenwoordig ons 'n Drie-Enige God. Sonder onderlinge eenheid kan die wêreld God nie sien nie en sal ons dus sukkel om 'n Goddelike impak te maak op al die sosiale uitdagings wat ons beleef.

***Eenheid maak Christus sigbaar vir die wêreld***

Jesus se gebed vir die kerk is dat ons een mag wees soos God Drie-Enig een is (Joh 17:20-23). Die doel hiermee is: sodat die wêreld uit hierdie eenheid sal kan glo dat Jesus die gestuurde Verlosser is. Deur die eenheid onder gelowiges kan die wêreld vir Jesus raaksien. Ware eenheid tussen gelowiges van alle soorte is dus nie net 'n goeie voorstel nie, dis noodsaaklik vir die uitvoering van ons opdrag as stadbouers. Sonder eenheid sal ons optrede en getuienis van Jesus nie deur die wêreld geglo word nie. Eenheid onder gelowiges is een van die kerneienskappe wat die wêreld oortuig dat Jesus die Verlosser is.

Die eenheid waarvan Jesus praat is ook nie 'n min of meer aanvaarbare, vreedsame verhouding nie, maar soos uit hierdie gedeelte moet dit 'n eenheid wees soos die eenheid tussen Vader, Seun en Gees. Ons is met God versoen in Christus om hierdie standaard van eenheid op aarde te bedien ongeag die uitdagings in die politieke werklikhede waarbinne ons leef. Deur die genade is dit nie ons wat hierdie eenheid moet produseer nie, want vir ons as mense sou dit onmoontlik wees. Jesus bid daarom vir hierdie eenheid sodat ons deur God se krag hierdie eenheid sal kan wys. Eenheid vanuit ons krag, redenasies en emosies is buite bereik. As ons egter vanuit ons herstelde hemelse posisie leef sal ons ervaar hoe God ons harte verander en sy liefde in ons plaas sodat hierdie eenheid in ons harte groei tot op 'n punt waar ons dit werklik kan leef.

Ons opdrag is nie om eenheid te skep nie (want ons kan nie), maar om die eenheid wat God skep te bewaar (Ef 4:3). Ons is dus aangestel om bewaarders van hierdie eenheid te wees. In elke situasie, by elke braai en gesprek, in my gedagtes, in my huwelik, in my verhouding met ander moet ek 'n oppasser van hierdie eenheid wees. Hierdie eenheid in Jesus bou die brûe na mekaar toe sodat ons ander sosiale uitdagings effektief kan aanspreek. Eenheid tussen volgelinge van Christus maak Christus sigbaar. Eenheid is dus 'n krag van God wat ons in staat stel om in Christus baie meer te vermag as ons individuele pogings. Eenheid in Jesus is daarom baie kragtiger as enige politieke of kulturele oplossing - dis Jesus wat deur ons aan die lig kom! Dit sal daarom impak maak in die herstel van sosiale uitdagings in die wêreld waarbinne ons leef.

Vanuit die aanbiedingsvideo is dit duidelik dat Jesus sy kerk bou soos wat elkeen deur wedergeboorte 'n nuwe mens word en daarom 'n nuwe geestelike tuiste kry in die heiligdom van God. Deur die versoeningswerk van Jesus word ons almal deel van een nuwe Christuskultuur - ongeag ons aardse herkoms. Maak nie saak wat ons verskille is nie, ons kan as kerk in eenheid funksioneer. Deel van Jesus se versoeningswerk was om alle gelowiges te versoen en almal deel te maak van die een huisgesin van God. Dis nie net in die plaaslike kerk waar ons versoen word nie maar ook die mure tussen bevolkingsgroepe breek hy vir Christene af en maak ons almal een met mekaar (Ef 2:13-22). As koninkrykstadbouers wat vanuit hierdie nuwe verenigde posisie in Christus leef moet ons nou hierdie eenheid in Christus op aarde demonstreer binne 'n wêreld wat gevul is met verdeeldheid, rassisme en polarisasie.

Onenigheid is een van die hoofredes vir talle van die uitdagings wat ons op sosiale terrein beleef. As gevolg van onenigheid in huwelike sien ons die verbrokkeling van sosiale strukture. As gevolg van onenigheid tussen kerke kan ons nie saamwerk tot 'n groter impak nie. As gevolg van onenigheid tussen bevolkingsgroepe is daar politieke spanning en wantroue wat lei tot onstabiliteit en onvrede.

***Ons kan elke dag 'n sosiale impak maak in die naam van ons Koning deur eenheid te bewaar sodat Jesus in elke situasie aan die lig kan kom en oplossings bied ver bo ons vermoë.***

Vanuit 1 Joh 1:2-4 word een van die doelwitte van Jesus se koms ook uitgestip nl. om een gemeenskap in Christus te vorm. Al verskil ons van mekaar en al is daar verskillende kulture mag ons verskeidenheid nie verdeeldheid veroorsaak nie. Ons is juis verskillend geskape sodat ons in ons verskeidenheid saam 'n duideliker beeld kan skep van die unieke grootheid van wie

God is. In elke kultuur het God iets besonders geskape wat ‘n deel uitbeeld van die karakter van God. Ons het mekaar dus nodig om God se karakter self beter te kan sien.

Jesus se kultuur is ‘n kultuur van eenheid in Hom. Hy het sy lewe gegee om eenheid tussen ons en God en tussen ons onderling te bewerk. Eenheid is dus ook ons kultuur. Ons as stadbouers bou daagliks aan hierdie eenheid wat Jesus moontlik gemaak het. Hierdie eenheid bied talle oplossings vir sosiale uitdagings.

### 4.2.2 ‘n Hemelse kultuur van liefde

Om eenheid te kan bewaar is liefde nodig. Hierdie liefde sal ons in staat stel om saam ‘n groter impak te maak as wat ons elkeen afsonderlik kan. Ek kan nie deel van ‘n eenheid wees as ek die ander in die eenheid nie liefhet nie. Sonder liefde is eenheid ondraaglik.

As hemelburger moet ek dus elke dag ervaar hoe God sy liefde op my uitgiet, selfs al weet ek dat ek as mens baie foute maak. In Rom 5: 8-10 verduidelik Paulus dat Jesus vir ons gesterf het toe ons nog sy vyande was. Ons ontvang God se liefde onverdiend. As ek dus nou in die stroom van hierdie onverdiende liefde staan, ontwikkel God in my die vermoë om dit ook aan ander te bewys - al is hulle my vyande. Ons Godgegewe vermoë om onverdiende liefde te bewys, selfs aan mense wat ons vyande is, is ‘n bewys dat ons aan God behoort en dit onderskei ons van ongelowiges (Mat 5:43-48).

Hierdie liefde wat ons bewys as verteenwoordigers van God en sy koninkryk is ‘n kragtige wapen wat die duisternis terugdryf. Waar liefde bedien word, selfs in tye van onreg, ontneem dit die Satan van enige mag om verder duisternis te versprei. Liefde is dus nie ‘n klein bietjie krag wat gebruik word deur mense wat hulself nie kan verdedig nie, nee dis ‘n krag van God wat oorwinning in elke situasie bring (Rom 13: 8-12). Dis juis God se liefde wat ons losgeruk het uit die mag van die duisternis en die Satan oorwin het. Waar ons dus God se liefde bedien, daar is God self sigbaar en werksaam, want God is liefde. God se liefde gee ons die vermoë om aan te hou om ‘n impak te maak al beleef ons onreg. Omdat God se liefde ons dryf kan ons aanhou bou aan die stad al voel ons hoe die onreg pyl na pyl op ons skiet.

God se liefde is die onderbou van alles wat ons doen, dis die energie waarop ons beweeg, dit bind ons saam in eenheid (Kol 3:14), dit inspireer ons om wyer as onsself te kyk en hande uit te reik. Dit bring God se liefde, vrede en hoop selfs in die onreg en donker van ons wêreld. Liefde is ons stadbouers se oorwinningskrag!

### 4.2.3 ‘n Hemelse kultuur van Vergifnis

Die Satan kan nie bekostig dat ons die magtigste wapen, naamlik liefde gebruik nie. Hy moet daarom liefde uit ons harte neem. Een van sy effektiewe metodes om liefde te verwyder, is ‘n onvergewensgesindheid. Hierdie onvergewensgesindheid kan verskillende vorme aanneem. Dit kan ‘n sterk weersin wees wat ek in iemand ontwikkel agv van ‘n groot onreg wat ek aan die hand van so ‘n persoon verduur het, of dit kan ‘n irritasie of afkeur wees wat ek in ‘n persoon of persone ontwikkel agv sekere ervarings wat ek oor ‘n tyd lank van hulle beleef het. Hierdie proses van onvergewensgesindheid lei tot verbreking van familieverhoudings, werksverhoudings, gemeente verhoudings, verhoudings tussen groepe en kulture en alle vorme van haat. Dit veroorsaak dat daar geen eenheid kan wees nie en breek daarom ons vermoë af om saam te werk om God se koninkryk sigbaar te maak as stadbouers.
Ons moet onsself dus gereeld herposisioneer in die heiligdom van God vanwaar ons leef. Ons

moet eerstehands ervaar hoe God ons ten volle vergewe, maak nie saak wat ons al gedoen het, of nog gaan doen nie. Vir al ons onreg vergoed God ons met onverdiende vergifnis. Om vergifnis te verstaan moet ons nie redeneer oor hoe ons daaroor dink of hoe ons daaroor voel nie, ons moet daaroor dink soos wat God dit aan ons bewys: ons moet vergewe soos God ons vergewe (Kol 3:13). Vergifnis kan dus nooit iets wees wat iemand hoef te verdien nie, nee vergifnis is iets wat ons onverdiend ontvang - sodat ons dit onverdiend kan bedien. Juis ons vermoë om God se vergifnis onverdiend aan ander te kan bedien, herstel gebreekte mure in die stad en gee diegene vir wie ons vergewe 'n ervaring van iets uit die hemel. Dis onverdiende vergifnis wat ons as kinders van God gered het en ons 'n plek in die hemel gegee het. Dis daarom ook dieselfde vergifnis wat ons onverdiend bewys aan ander, sodat dit hulle help om God se redding te kan ervaar en ons almal die geleentheid gee om saam te kan bou in die stad.

Vergifnis is een van die sleutelkenmerke van die Evangelie maar tog sukkel so baie Christene daarmee en beroof dit ons van die vermoë om vry en met liefde te leef. Wanneer die Here ons vanuit sy teenwoordigheid help om 'n kultuur van eenheid, liefde en vergifnis aan te leer is ons nou gereed om 'n sosiale impak te maak. 'n Kultuur van eenheid, liefde en vergifnis dek die tafel vir ons om God se goedheid aan ander te kan bedien.

Hierdie hemelse eienskappe help ons om te kan aanhou bou al wil die Satan ons aandag aftrek deur die onreg en vyandskap wat ons elkeen beleef. Dit help ons om fokus te hou en ons harte en gedagtes te bewaar sodat ons hemels kan optree te midde van die wêreld se onreg. Sonder die basis van eenheid, liefde en vergifnis sal ons almal koers verloor en ander oplossings vind en leef as dié wat God bied.

### 4.2.4 Sosiale barmhartigheid

God roep ons om sy genade en liefde te bedien aan ander in die vorm van barmhartigheid. Ons is die instrumente deur wie God sy liefde aan ander in alle situasie bedien. Hy is 'n barmhartige God en wil deur ons sy karakter op aarde sigbaar maak.

Die hele Bybel leer van God se barmhartigheid - dat 'n almagtige, heilige God plek maak en spasie skep in sy koninkryk vir mense soos ons. Hy maak plek vir "ongewones". Ons hoort eintlik nie daar in sy teenwoordigheid nie, maar in sy barmhartigheid maak Hy vir ons plek. Voor ons gebore is het Hy al beplan om ons deel te maak van sy koninkryk. Voor ons nog iets kon doen om Hom tevrede te stel word ons deelgenote van sy ewige rykdom. Dis die God wat ons aanbid, dis in sy aard om onselfsugtig te dink en vrylik te gee.

Omdat God in wese barmhartig is, is dit ook een van die karaktereienskappe wat Hy in ons lewens wil sien. In Mat 25:31-46 lees ons dat barmhartigheid een van die eienskappe is waarvolgens God ons lewens op aarde beoordeel. Vir ons is barmhartigheid dalk nie noodwendig 'n kenmerk vir 'n suksesvolle lewe nie, maar in God se koninkryk is barmhartigheid een van die fondasiestene waarop die koninkryk gebou word. Barmhartigheid is die manier waardeur God mense beweeg om sosiale uitdagings aan te pak sodat dit wat stukkend is in die stad herstel kan word tot hoop vir die mense in die stad.

Deur God se barmhartigheid in hulle was die vroeë kerk in staat om nuwe sisteme te skep waardeur hulle die uitdagings van hulle tyd kon aanspreek. Hulle was só suksesvol in die praktiese uitlewing van God se liefde, dat dit gemeenskappe getransformeer het en die wêreld van daardie tyd verander het. Barmhartigheid is 'n kragtige oorwinningskrag in diens van God.

Dieselfde barmhartigheid is ook een van die dinge wat Suid-Afrika kan en sal verander.

***Hoe bekom ons hierdie barmhartigheid van God?***

Om barmhartigheid te kry is nie om een of ander projek te begin nie, dis eerstens om waarlik deur Jesus Christus in teenwoordigheid van God te staan en sy barmhartigheid self te beleef. Jy en ek staan as sondaars volmaak heilig voor Hom! Ons kan heilig voor Hom staan omdat Hy wat God is, Homself vir ons geoffer het. In sy teenwoordigheid beleef ons weer wat sy liefde werklik gekos het, ons beleef sy omgee, sy besorgdheid oor ons. In sy teenwoordigheid ervaar ons dat Hy al sy rykdom met ons deel. Sonder dat ons iets kan verdien, maak Hy plek vir elkeen van ons! Omring deur sy liefde ervaar ons hoe God die Almagtige se hart diep geraak word deur ons. Ons lewe, ons sukses, ons hartseer maak vir hom saak. Dit raak Hom, dit beweeg Hom!

Eers wanneer jou hart getref word deur die barmhartigheid van God en sy liefde oor jou spoel, gebeur daar iets met jou hart: dit word ook sag soos God s'n. Die nood en swaarkry van mense rondom jou vat ook nou aan jou hart. Nie net word jy daardeur geraak nie, maar jy ontwikkel die begeerte om iets daaraan te doen. God se barmhartigheid vind nou 'n tuiste ook in jou gemoed.

Deur God se omgee begin ons siening van mense ook nou verander. In plaas daarvan dat ons redes probeer vind vir hoekom sekere mense nie omgee verdien nie, spoor God se barmhartigheid ons aan om verligting te bring - selfs daar waar 'n mens normaalweg uit weersin 'n ander pad sou kyk. Ons beleef onverdiende genade - ons gee onverdiende genade.

In plaas daarvan dat ek met wroeging in my gemoed omgee, word dit deur die Gees 'n passie wat my dryf om waar ek ook al kom iets van die hemel te bedien aan soveel wat dors is vir hoop en liefde. Ons staan in die Bron van hoop en ons skep vir ander om ook hierdie verkwikking te proe.

Barmhartigheid is nie iets wat jy aanleer nie, dis iets wat met jou gebeur wanneer jy self in die liefde van God deur Christus staan.

***Ons kan barmhartigheid bewys***

Om barmhartigheid te leef is nie 'n groot onmoontlike projek nie. Kyk wat sê Mat 25: 31-46…dis eenvoudige doenbare liefde, 'n glasie water, 'n stukkie brood, 'n glimlag, persoonlike aandag, bietjie van jou tyd, jou raaksien van nood, jou begrip, jou liefde, jou aanraking, jou uitreik na die geringes - daardie mense wat die wêreld so maklik mis kyk! Barmhartigheid is eenvoudig: dis jy, nie eerstens wat jy het nie. Barmhartigheid is die proses waardeur God ons gebruik om vir die wêreld te wys Hy sien hulle raak, Hy raak hulle aan, Hy reik uit, soos wat Hy elke dag aan elkeen van ons doen in sy teenwoordigheid.

Die wonder van dit alles is: Jesus sê in vers 40, "...Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen." Elke ding wat ek vir 'n geringe noodbehoewende doen is iets wat ek persoonlik aan Jesus doen. Ek sien die oë van Jesus in elke hulpsoeker, elke stukkie liefde wat ek gee is 'n persoonlike geskenk aan Jesus self. Behalwe dat ek Jesus elke dag in geloof in sy hemelse heiligdom ontmoet, tref ons Hom ook aan by elke plek waar liefde verwissel word. Dis nie net ek wat liefde *bedien* nie, dis ook ek wat die liefde van Jesus *beleef* daar waar ek barmhartig is. En as Jesus dan ook daar is, dan kan ons mos verwag dat groot dinge gebeur daar waar ons eenvoudige omgee wys, want Jesus self is daar! Ons hoef nie met ons krag berge versit nie, Jesus sal ons gebroke pogings gebruik om hoop en

verandering te bring.

Elkeen van ons se omgee maak ‘n verskil want ons Koning Jesus gebruik dit om magtige beweging aan die gang te sit. Ons is elke dag in hordes situasies waar ons eenvoudig Jesus se barmhartigheid kan bedien.

***Ons kan ook saam barmhartigheid bedien***

As ons as gelowiges saam kom kan ons natuurlik behalwe die individuele impak ook gesamentlik sake aanpak wat groter uitdagings kan impakteer. As kerk is ons dus nie net daar om mekaar geestelik te bedien nie, ons is ook die instrument waardeur God strukture skep wat antwoorde bied vir die nood van ons tyd. Ons leef in omstandighede van werkloosheid, ekonomiese onstabiliteit, talle kinders wat nie toegang het tot goeie onderwys nie, uitdagings in mediese versorging, onversoende verhoudings ens. As hemelburgers gee God ons die vermoë om as liggaam van Christus modelle te skep om impak te maak soos Hy ook deur die vroeë kerk suksesvol gedoen het.

Ons lees in Mat 16:19 dat aan ons as kerk die sleutels van die koninkryk van die hemel gegee word, om die koninkryk op aarde oop of toe te sluit. Dit wat ons in geloof vanuit ons posisie in Christus in die hemel ontsluit sal ook op die aarde ontsluit word. Ons het dus die Godgegewe opdrag om die koninkryk sigbaar te maak op alle terreine en ons het die Godgegewe krag om dit uit te voer. Verwag dus dat God deur jou ‘n impak op sosiale gebied gaan maak en ook saam met ander gelowiges ‘n groot invloed gaan uitoefen.

## 4.2.5 Beplanning vir die bediening van barmhartigheid tot sosiale impak:

a) Watter eenheids uitdagings bestaan daar in families, werksplek, gemeenskappe en in die land waarvan jy bewus is?

---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Vanuit jou hemelse posisie, hoe kan jy ‘n impak maak om ‘n hemelse eenheid te bevorder?

---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Hou boek van die rol wat jy speel om versoening te bring in jou gemoed, verhoudings met ander en in sekere situasies waarin jy jou bevind.

b) Beskryf vanuit jou hemelse posisie God se liefde vir jou en alle mense?

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

c) Hoe kan ek prakties hierdie Goddelike liefde toepas op mense waarvan ek nie hou nie? Hoe gaan ek dit volhoubaar regkry?

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Hou boek van die vordering wat ek maak in my betoning van liefde aan hierdie bg. mense deur die inspirasie van God se liefde.

d) Is daar 'n mens of mense wat God op my hart druk om te vergewe? Kan jy dit doen?

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

e) God spoor ons aan in Mat 25:31-46 om barmhartigheid te bewys. Oordink jou daaglikse handel en wandel. Wie is die "geringes" wat God op jou hart lê wat jy kan bedien met liefde deur jou glimlag, aandag, "glas water" en eenvoudige omgee?

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

f) Hoe gaan jy dit doen?

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Skryf hierdie mense in jou dagboek neer en volg hoe God jou gebruik om eenvoudige liefde te bedien. Vier die geleenthede waar God jou gebruik as stadbouer om hierdie liefde te bedien.

g) Volgens Ester 4:14 is ons op aarde geplaas vir 'n tyd soos hierdie. Ons leef vandag in 'n tyd van armoede, misbruik, geweld, swak dienslewering tov onderwys en gesondheidsorg ens., rassisme van alle kante, liefdeloosheid en selfgesentreerdheid. Is daar 'n saak wat God op jou hart lê om aan te spreek om so te help bou aan die stad? Noem dit en beplan jou strategie, soos God uit die hemel uit aan jou openbaar.

----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

h) Is daar 'n sosiale uitdaging wat jy saam met ander gelowiges wil aanpak, finansieel en met beskikbare tyd en energie? Dit kan 'n bestaande projek wees of 'n nuwe saak wat aangespreek kan word. Meet hierdie projek se impak en vier die invloed wat dit het tot opbou van die stad.

----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

## Jy is besig om 'n nuwe hemelse kultuur te skep deur jou sosiale rentmeesterskap!

### 4.3 Finansiële terrein

Wanneer ons vanuit ons herstelde hemelse posisie in die teenwoordigheid van God leef en dink kom ons dadelik onder die indruk dat alles wat bestaan deur God geskape is en dus duidelik aan Hom behoort (Ps 24:1 en Ps 50:12). As Eienaar van alles skep Hy die mens met die doel om na sy eiendom om te sien. Hy stel sy aarde en alles daarin tot ons beskikking om dit as rentmeesters te bestuur tot uitbreiding van sy koninkryksplan. Vir ons is eiendom nooit 'n reg nie, maar 'n voorreg om oor sake en besittings bestuur te mag uitoefen tot eer van God. Niks behoort aan ons nie.

Een van die name van God wat gereeld in die Ou Testament gebruik word nl. *Adonai* dra die betekenis van "Eienaar" (Kingdom Principles dr M Munroe.) God is dus die eienaar van alles. Ons moet dit onthou, want dit herinner ons daaraan dat ons rentmeesters is en nie eienaars nie. Selfs ons vermoë om besigheid te doen en goeie rentmeesterskap toe te pas, kom van God.

Om dus waarlik impak te maak as 'n stadbouer op die gebied van finansies moet ek eerstens besef dat ek net 'n rentmeester is. Dis daarom nie my kar en my huis en my geld in die bank nie - dis alles dinge wat God onder my sorg plaas tot uitbreiding van sy koninkryk. Ek moet dus 'n kopskuif maak oor alles onder my bestuur: dis nie myne nie.

Ons taak as rentmeesters is om sorg te dra dat God se besittings aangewend word vir die doel wat Hy daarvoor bestem het. Daar rus daarom 'n groot verantwoordelikheid op ons om seker te maak dat ons reg optree met alles wat ons bestuur. Deur ons bestuur moet alles onder ons sorg 'n koninkrykswins oplewer.

Ek moet seker maak dat ek gereeld by die Eienaar tyd spandeer om te sorg dat alles wat ek bestuur in lyn met sy wil uitgevoer word. Wanneer ek oor my begroting dink en al die ander bates onder my toesig moet ek biddend vra: Here, hoe wil U dat ek dit aanwend sodat my bestuur daarvan eer aan U sal bring?
Dit wat God onder ons sorg plaas is 'n aanduiding van ons roeping en nie 'n aanduiding van ons eie sukses of voordeel nie.

Die versorging van myself en my gesin is vir God belangrik. Dit wat God voorsien moet dus gesinne versterk. Dis egter nie die enigste rede vir God se voorsiening nie. God wil ook deur ons sorg vir dié wat armoede beleef (2 Kor 8:13-15). Die spandering van ons begroting moet volgens hierdie gedeelte balans bring tussen arm en ryk, sodat party nie te veel het en ander te min nie. Die ekonomie is ook vir God belangrik as deel van sy koninkryk en daarom moet ons dus deur ons fondse en tyd sorg dra dat die land se ekonomie opgebou word (Jer 29:7). Onder leiding van die Gees moet ek dus beplan om myself en my gesin te versorg. Ek moet egter ook beplan hoe God deur my hoop skep vir hulle wat arm is. As goeie rentmeester moet ek ook beplan hoe ek in die ekonomie betrokke kan wees sodat ek God se fondse goed kan aanwend tot uitbreiding van die ekonomie en tot stabiliteit van die land. As Christene dra ons ook sorg vir die bediening van die Woord van God en die verkondiging van die Evangelie aan ander (1 Kor 9: 11). Die manier hoe ons ons begroting opstel van alles wat ons namens God bestuur, dien as bewys dat ons bouers is in die stad.

Vanuit ons hemelse posisie ontwikkel ons 'n koninkryksleefstyl waarin ons tevrede is met wat ons het, omdat ons almal reeds skatryk is aan alles wat ons in Jesus erf en reeds ontvang. Vanuit God se Woord is dit duidelik dat die voorwaarde van tevredenheid nie baie ingewikkeld is nie. Volgens 1 Tim 6:6-8 moet ons tevrede wees, selfs al het ons net kos en klere. As moderne mense leef ons dikwels anders: hoe meer ons het hoe meer ontevrede raak ons. Eers as ons vanuit die oorvloed van God se teenwoordigheid leef kan ons tevrede raak en dan vanuit hierdie tevredenheid dink hoe 'n sober leefstyl lyk sodat ons altyd genoeg het om te gee.

Om nugter te dink oor hoe ek bates namens God moet bestuur, is dit belangrik dat ek nie vanuit die onsekerheid van hierdie wêreld moet dink nie. Hierdie wêreld wil my met vrees beheer sodat ek ook in vrees my bestuur van God se sake beplan. Ons moet egter in God se teenwoordigheid gaan staan en eerstens bewus raak van die grootheid van ons Voorsiener. Ons moet weer onder die indruk kom van die oorvloed in sy besit. Ons moet weer oortuig raak van sy onuitspreekbare liefde vir ons. Ons moet vanuit sy teenwoordigheid weer hoor wat sy wil en plan vir hierdie wêreld is. Vanuit hierdie geloofsposisie besef ons dat ons nie arm is nie maar dat ons uit die rykdom van God se teenwoordigheid leef. Ons besef dat Hy sal voorsien vir wat Hy wil aanpak. In sy teenwoordigheid beleef ons weer wat Hy wil bereik en hoe Hy deur ons oplossings wil bring vir hierdie aarde en sy uitdagings. Eers wanneer ek iets verstaan van God se plan vir die tyd waarin ons leef, kan ek begin begryp hoe ek sy bates moet aanwend. Met God se koninkryks- of stadbouersplan in my hart beplan ek die spandering van die begroting onder

my sorg. Hierdie spandering sal dan tot stand bring wat God wil skep en ek sal ervaar dat Hy as Voorsiener sal bly voorsien vir dit wat Hy tot stand wil bring.

In God se teenwoordigheid beleef ons dat Hy in beheer is en dat ons nie uit vrees hoef te beplan asof ons vir onsself hoef te sorg nie. Sy liefde vir ons oortuig ons dat ons ook in liefde kan gee. Vanuit hierdie hemelse posisie doen ons as rentmeesters dus beplanning vir die aanwending van God se bates tot God se eer. Of ons nou arm of ryk is in die oë van die wêreld, ons kan almal gee uit die rykdom van God se teenwoordigheid en ons kan almal suksesvol wees in die sigbaarmaking van die koninkryk want ons het almal iets om te bestuur al is dit min. Ons almal kan dus suksesvolle stadbouers wees deur die manier waarop ons God se bates in ons sorg bestuur. God sal dan sorg dat sy plan uitgevoer word deur die beplanning wat Hy aan ons openbaar.

### 4.3.1 My werk is deel van my roeping

As stadbouers moet ons besef dat alles wat ons doen deel uitmaak van die koninkryk van God. Ons is dus almal voltyds in diens van God: of ek nou preek, huisvrou is, karre regmaak of kitaar speel vir 'n lewe. Elkeen van ons is deur God begenadig met vaardighede sodat ons goeie rentmeesters kan wees en kan bydra tot die ekonomiese stabiliteit van 'n gemeenskap.

My werk is vir God belangrik want dit maak deel uit van sy koninkryk. Dit stel my nie net in staat om finansies te genereer nie maar dit is ook die plek waar ek elke dag die invloed van God se koninkryk laat geld in hoe ek optree, dink , besluit en omgee. As gelowiges moet ons dus vanuit die kerk elke lidmaat toerus om te verstaan dat ons nie maar werk om geld te verdien nie, maar dat God ons elke dag roep en uitstuur werk toe sodat God se hoop en waarheid deur elkeen van ons 'n impak kan maak. Om te werk is deel van my roeping. Elke dag is 'n geleentheid om ekonomies, geestelik, sosiaal en met die omgewing in gedagte 'n verskil te maak.

Dis daarom ook belangrik dat ons nie sommer net werk toe gaan vir 'n salaris nie, maar besef dat God elke dag vir ons voorberei met geleenthede om iets van die hemel te bedien waar ons oral beweeg. Elkeen van ons kan dus suksesvol in die koninkryk rentmeesters wees - maak nie saak wat se werk ons doen nie. Elkeen van ons kan elke dag voel dat ons lewe sin maak omdat God ons ontplooi in die werksplek. Elkeen van ons kan verwag dat God deur ons 'n verskil maak elke dag. Ons kan lig, liefde, hoop en wysheid uit die hemel bedien elke dag al is die ekonomie onstabiel en die politiek deur mekaar en mense moedeloos. Deur ons bring God elke dag by die werk oorwinning omdat ons doelgerig daar besig is. Elke aand kan ons in die bed klim en weet ons was suksesvol, ons het 'n verskil gemaak, nog 'n baksteen in die stad se herstel is gelê omdat God deur ons arbeid vandag aan die lig gekom het. Nou word my werk nie 'n wroeging nie maar 'n plek waar ek sien hoe die Here deur ons herstel bring.

Dis daarom belangrik om te dink oor wat by die werk gebeur sodat ons kan voorberei vir vergaderings, situasies en persone op 'n manier wat eer bring aan die Here. Ons kan daarom ná elke dag die geleenthede vier waar ons goeie rentmeesters was en sonder veroordeling leer uit die geleenthede wat ons gemis het.

### 4.3.2 Beplanning vir goeie finansiële rentmeesterskap

a) Wat is die verskil tussen 'n eienaar en 'n rentmeester?

b) Lees 1 Tim 6:6-10. Wat beteken dit om tevrede te wees met wat jy het? Hoe sal jy dit toepas op jou eie lewe? Kan jy tevrede wees met wat jy het?

c) As stadbouers tree ons op as bestuurders van God se eiendom tot sy eer, hoe sal jy 'n verantwoordelike koninkryks leefstyl beskryf?

d) Hoe beïnvloed bg sienings my oorweging tot die spandering van fondse?

e) Hoe dink jy lyk God se plan vir die bou van sy stad mbt die ekonomie, dienste soos bv. onderwys en mediese sorg, die versorging van armes, werkskepping en die onderhouding van families? Wat wil God tot stand bring?

f) Vanuit die verstaan van dit wat God wil bou deur ons, hoe beplan en struktureer ek my begroting as rentmeester van God?

g) As ek die rentmeester is en God die voorsiener, watter rol speel vrees en onsekerheid oor die toekoms in my finansiële besluite?

h) Stel nou jou begroting in geloof op en hou dagboek van jou spandering en wat jy leer in die proses. Hierdie begroting kan aangepas word soos wat God jou leer aangaande rentmeesterskap en ander sake wat Hy op jou hart druk.

i) Is my gesin opgelei in rentmeesterskap sodat almal deelneem aan die uitbou van die koninkryk? Is dit duidelik in hulle beplanning en spandering? Hoe kan ek hulle help om goeie finansiële rentmeesters te wees? Noem voorbeelde.

----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

j) Vier die goeie beleggings wat gemaak is en die effek wat dit het in die koninkryk as geheel. Dank God vir die verskil wat jou renmeesterskap van sy bates veroorsaak. Hierdie hoef nie groot indrukwekkende dinge te wees nie - God self sal dit laat groei in koninkrykswaarde. Skryf dit in jou dagboek om te volg wat God doen.

k) As my werk deel van my roeping is wat vir my deur God beplan is, A) hoe moet ek voel oor my werk? B) Watter invloed het ek by my werk wat ek kan gebruik om eenvoudig stadbouerswerk te doen deur my goeie rentmeesterskap? C) Hoe gaan ek myself daagliks geestelik voorberei vir die invloed wat God deur my by my werk wil laat geld?

----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

l) Wat is daar wat jy saam met ander gelowiges kan aanpak op finansiële gebied om impak te maak. Beplan dit, meet dit en vier dit wat God daardeur tot stand bring.

----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

**Jy kry dit reg om as getroue finansiële rentmeester ‘n groot impak te maak en ‘n nuwe hemelse kultuur te skep!**

### 4.4 Omgewingsterrein

Die Here skep nie die mens om in ‘n hok in die lug te hang nie. Voor hy die mens as hoogtepunt van die skepping maak, spandeer Hy baie aandag en moeite om vir die mens ‘n tuiste voor te berei waarin die mens as rentmeester kan leef. Hy ontwerp ons as mense dan om in hierdie tuiste te kan bestaan en vooruitgaan. Hierdie aarde word ons werksplek wat ons oorlewing bepaal en ook die plek waarin ons gehoorsaam God se opdragte kan uitvoer.

Ons roeping as gelowiges staan nie los van die skepping rondom ons nie. In Genesis 1 en 2 is dit duidelik dat baie van die aanvanklike opdragte wat ons as mense kry, te doen het met die manier

waarop ons met die omgewing moet omgaan. Behalwe vir ons roeping om in ‘n herstelde verhouding met God en ons naaste te leef en om goeie rentmeesters van finansies en al God se eiendom te wees, kry ons ‘n duidelike roeping om ons omgewing te bewerk en daaroor te heers op ‘n manier wat dit bewaar en oppas (Gen 1:26-28 en Gen 2:15). God vertrou die skepping en ons omgewings aan ons toe sodat ons daarin kan leef en oorleef. Ons moet egter daarvoor respek hê as eiendom van God wat Hy geskep het.

Die manier waarop Adam en Eva met God se skepping werk is een van die eerste opdragte wat die mens van God ontvang en ‘n bewys van hulle gehoorsaamheid. Hulle wandel daagliks saam met God, ook om sy opdragte aangaande die skepping aan te hoor sodat hulle dit gehoorsaam kan uitvoer. Om goeie rentmeesters van die omgewing te wees is dus nie iets ekstra buiten ons geestelike opdrag nie, dis deel van ons daaglikse opdrag tot sigbaarmaking van God se koninkryk.

Ons rentmeesterskap oor die skepping is ook nie ‘n onbelangrike saak nie. God as oorsprong van alles, se wese en karakter is sigbaar in die skepping. Die skepping werk mee om te getuig en te oortuig dat God bestaan (Rom 1:19-20). Ons moet as rentmeesters dus sorg dra dat hierdie skepping bewaar bly omdat dit iets vertel van wie God is. Wanneer ons dus toelaat dat die skepping verwoes word, verwoes ons daarmee saam ‘n getuienisbron wat vertel wie God is.

Die skepping is ook ‘n “leermeester” wat ons herinner aangaande sekere geloofsake. Dit herinner ons om te vertrou op God soos wat diere en plante op God staatmaak. Die skepping help ons om sonder bekommernis te vertrou op die Gewer van alle dinge en afhanklik van Hom te leef (Mat 6: 26-30). Die Skepping is ‘n skouspel wat tot ons roep om te kom kyk hoe magtig God is (Ps 19: 1-4). Ons aanbid egter nooit die skepping nie, maar die Skepper van die skepping. Deur die bril van die Woord kan ons na die skepping kyk en baie leer aangaande God se liefde, versorging en beheer.

God gee ons daarom nie sonder rede die opdrag om die skepping op te pas nie. Behalwe dat dit ons aardse woonplek is, is dit ‘n kunswerk van God wat aanhoudend vertel hoe groot en wonderlik God is. Dis juis die skepping wat baie mense oortuig dat God wel bestaan.

Ons omgaan met die skepping dien ook as bewys dat ons die Bron van die skepping ken en omsien na sy belange.

Ons het nie noodwendig almal die vermoë om die reënwoude op die Ewenaar te beskerm nie, maar ons het elkeen invloed en beheer oor sekere omgewings - al is dit klein. Elkeen van ons kan help met die oppas van die omgewings waar ons geplaas is by die werk, huis, skool ens. Elkeen kan besoedeling beperk deur die manier hoe ons werk, boer en leef

Die manier waarmee ons omgaan met die omgewing is dus nie net ‘n goeie gewoonte nie, maar iets wat ons doen tot opbou van die stad van God. Ons is besig om God te dien en sy koninkryk uit te bou wanneer ons goeie rentmeesters van ons omgewings is. Ons kan dus effektief wees in sy diens en ‘n positiewe verskil maak deur ons goeie rentmeesterskap van ons omgewings. Om elektrisiteit en water te spaar en my besoedeling te beperk is sake wat ek kan beplan en uitvoer. Elkeen kan die stukkie natuur waaroor ons beheer het, of dit nou ‘n plaas is of ‘n klein erfie om ‘n sinkhuisie, bewerk en bewaar tot eer van God. Elkeen van ons kan opgewonde wees dat ons goeie rentmeesters is van God se skepping. Ons hoef nie ver te gaan soek om gehoorsaam ons opdrag in hierdie verband uit te voer nie. Ons leef elkeen daagliks in omgewings wat ons kan onderwerp en bewaar.

Die tuin om my huis en die sny van my gras is nie om die bure te beïndruk nie, maar ‘n getuienis aan die hele wêreld dat die Koning van die skepping in my leef. Ek kan ook byvoorbeeld my kinders leer

om hul beddens op te maak en 'n groentetuin te plant omdat hulle ook verteenwoordigers van die Koning is. Ons rentmeesterskap van ons werksplekke, huise en lessenaars is dikwels 'n geleentheid om iets te vertel van die Here se heerskappy binne-in ons.

Ons leef almal in omgewings, ons beweeg almal deur omgewings. Ons werk met toerusting en ons benut geboue. Dikwels gebruik ons toerusting of geboue wat aan ander behoort. Die manier waarop ons alles onder ons sorg hanteer is 'n manier hoe ons help om die stad te bou. Ons verteenwoordig ons Koning selfs met die optel van 'n papier op straat - ons sien om na sy belange.

Ons kan ook help daar waar daar omgewings in gevaar is, daar waar paaie vol gate is en plekke vol gemors lê. In plaas daarvan dat ons vinger wys kan ons 'n lewende getuienis in die stad wees deur self, of saam met ander iets daaraan te doen. Ons kan opbou, bewerk en bewaar tot eer van die Koning al breek die wêreld af en gooi hul gemors op sy aarde.

Een van die eenvoudigste manier om te getuig en 'n verskil te maak is om iets op te tel en in 'n asblik te gooi of om iets in die openbaar skoon te maak. Een of ander tyd gaan iemand jou vra hoekom jy dit doen. Jou antwoord kan dan eer aan die Skepper bring.

### 4.4.1. Beplanning vir omgewingsrentmeesterskap

1. Wat is die omgewings waar jy impak het (geboue, kantore, toerusting, hulpbronne soos water en elektrisiteit ens., natuurlike omgewings en openbare plekke)? Is God se koninkryksinvloed sigbaar deur jou hantering van hierdie omgewings? Watter invloed wil God deur jou op hierdie omgewings uitoefen?

--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------

2. Wat is stukkend, verwaarloos of bemors in die omgewings waar jy beweeg? Kan jy op eenvoudige manier enige invloed hierin uitoefen in diens van God? Is daar dalk besoedeling wat jy kan beperk?

--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------

***Hou dagboek van die verandering wat jy maak en vier die impak wat jy het as rentmeester van die Koning.***

3. Verstaan my gesin rentmeesterskap van die omgewing as 'n roeping en verstaan hulle (klein en groot) hoe om 'n eenvoudige impak te maak? Wat kan ek doen om hulle hiervan bewus te maak en as gesin die impak te vier?

--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
------------------------------------------------------------------------------

4. Is daar mense in die omgewing of by die werk wat ek ook kan beïnvloed om tot eer van God goeie rentmeesters van die omgewing te wees?

--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
-------------------------------------------------------------------------------------------

5. Is daar iets wat jy saam met 'n groep kan aanpak om 'n bydra te lewer tot die sigbaarmaking van God se glorie in die omgewing? Dalk die skoonmaak of herstel van iets in die omgewing, dalk die plant van 'n tuin vir groente of die herwinning van een of ander materiaal?

--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------------------------------------------------

***Dis belangrik om dit te beplan en vordering te meet en te vier wat God deur ons bereik.***

Jy is besig om 'n nuwe hemelse kultuur te vestig deur jou getroue omgewings rentmeesterskap!

Persoonlike notas

______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________